# HOOFSTUK 5

# HULPVERLENING AAN OUERS VAN VOORSKOOLSE BLINDE KINDERS EN DIE TOELATING VAN KINDERS TOT SKOLE VIR BLINDE LEER= LINGE

## 5.1 INLEIDING

In paragrawe 2.2.3.3 en 2.3.5 is gewys op die nood van die voor= skoolse blinde kind en die behoefte van ouers aan hulpverlening aangaande die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders. In hierdie hoofstuk word dan in die eerste plek gewys op die skakeling tussen skole vir blindes en ouers van voorskoolse blinde kinders en op hulpverlening aan sodanige ouers. Vervolgens word die toelating van kinders tot skole vir blindes in oënskou geneem. Die visuele vermoë van die kind as kriterium vir toela= ting, die toelating van meervoudiggestremde blinde kinders en die toelatingsouderdom van blinde kinders word bespreek.

## 5.2 SKAKELING MET EN HULPVERLENING AAN OUERS VAN VOORSKOOLSE BLINDE KINDERS

### 5.2.1 DIE SITUASIE IN DIE RSA

#### 5.2.1.1 Die bekendstelling van skole vir blindes

Die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Preto= ria word op verskillende wyses aan ouers van voorskoolse blinde kinders bekendgestel. Deur *literatuur* word die ouers van blinde kinders bereik en wel by wyse van onder andere 'n kwartaallikse nuusbrief, die jaarverslae van die skole en brosjures wat 'n beeld van die aktiwiteite aan die skole gee.

Ook deur die *gesproke woord* word die skole bekendgestel. Die noue band tussen hierdie skole en die Kerk het tot gevolg dat daar gereeld van die diens van die Kerk en kerklike instansies, soos sustersverenigings en kerkjeugverenigings, gebruik gemaak word om

die skole bekend te stel. Optometriste en oftalmoloë is in baie gevalle redelik goed bekend met die onderwysgeriewe wat aan blinde kinders gebied word en lig ouers of voogde van blinde kinders dien- ooreenkomstig in. Dit is die uitsondering as skakeling tussen die ouers van jong blinde kinders en òf die Kerk òf die medici, nie reeds plaasgevind het wanneer die kind skooltoelatingsouderdom bereik nie, aangesien ouers so dikwels op hulp uit hierdie oorde aangewys is. Die hoofde en van die personeel van hierdie skole word soms uitgenooi om verskillende instansies oor die besondere nood van die blinde kind en die werksaamhede van die skole toe te spreek. Daar kan ook op die groot aantal besoekers (ongeveer 1 000 per jaar) gewys word wat die Skool vir Blindes jaarliks be= soek en 'n beeld van die werksaamhede aldaar uitdra.

Vervolgens word *konserttoere* deur hierdie skole onderneem en ver= skillende dele van die land word besoek. Daar is ook reeds 'n plaatopname van die skoolkoor van die Skool vir Blindes vir ver= spreiding beskikbaar gestel. Wat betref *filmopnames* is daar drie 16 mm. films vir vertoning deur belangstellende instansies beskik= baar. Die een film is getitel "Hande wat sien", en is die verhaal van 'n blinde seuntjie. Sy kinderjare tuis, skooljare te Worces= ter, verdere studie en uiteindelik opname as 'n selfstandige fi= sioterapeut en burger in die samelewing word uitgebeeld. Die tweede is 'n dokumentêre film oor die Skool vir Blindes, getitel "Fiat Lux". Die derde film, getitel "Arbeid Adel" weerspieël die werksaamhede van die Werkswinkel en Tehuise vir Blindes te Worces= ter (kyk bylae A, v. 2.14).

#### 5.2.1.2 Die opsporing en identifisering van jong blinde kinders

Die *opsporing* van jong blinde kinders en toelating op vyf- of sesjarige ouderdom tot 'n skool vir blindes, is nie meer so 'n netelige saak as 'n aantal jare gelede nie. Alhoewel sekere

vooroordele ten opsigte van blindheid nog by baie mense bestaan, het meerdere kennis van blindheid en die blinde persoon onder die algemene publiek tot groter begrip gelei en soek ouers vandag eerder hulp met die opvoeding van hul blinde kinders as om hulle soveel as moontlik te isoleer. Genoemde wyses van bekendstelling van onderwysgeriewe vir blindes het dan ook tot gevolg dat ouers met blinde kinders bewus is van onderwysgeleenthede vir hul kin=ders en dat die oorgrote meerderheid van die ouers hul kinders na 'n skool vir gesigsgestremdes neem sodra hulle die skooltoelatings=ouderdom bereik.

Daar moet in hierdie verband ook gewys word op die hulp van in=stansies wat hulle beywer vir die welsyn van die blinde persoon. Instansies soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes en die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie kom uit die aard van werksaamhede met ouers van jong blinde kinders in aanraking en verwys hulle na skole vir blindes.

Wat betref die *identifisering* van kinders met 'n gesigsgebrek, is die aanvanklike prosedure in die reël soos volg: Ouers met jong kinders van wie die gesig so swak is dat hulle moontlik nie in 'n skool vir normaalsiendes tereg sal kan kom nie, is in die reël reeds lank voordat hul kinders die skooltoelatingsouderdom bereik, van hul kind se gesigsgebrek bewus. Hulle neem hul kind na 'n oftalmoloog wat die nodige behandeling gee, asook na 'n optometris wat die nodige optiese hulpmiddels verskaf. Indien die oftalmoloog of optometris van mening is dat die kind 'n spesi=ale skool vir gesigsgestremdes moet bywoon, stel hulle dit aan die ouers. Daarna besoek die ouers 'n skool vir blinde leerlinge en bespreek die moontlike toelating van hul kind met die hoof.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het in 1970 'n omvat=tende ondersoek na die voorkoms van gesigsgestremde kinders wat nie 'n skool bywoon nie, ingestel 'n Ontleding van hierdie

gegewens het laat blyk dat daar geen bevestiging is van die moontlikheid dat 'n noemenswaardige aantal Blanke blinde kinders van skoolgaande ouderdom nie 'n skool vir blindes bywoon nie (Suid-Afrika, 1970b, pp. 92-93).

Uit hierdie oorsig blyk dat daar nie *'n nasionale opsporings- en identifiseringsprogram* ten aansien van gesigsgestremde kinders bestaan nie. Nogtans is ouers van die onderwysgeriewe vir ge= sigsgestremde kinders bewus en word hierdie kinders wel in skole vir gesigsgestremdes opgeneem. Ten aansien van drie aspekte word egter wel probleme ondervind. In die eerste plek gebeur dit soms dat ouers nie hul kinders reeds op *vyfjarige ouderdom* vir toelating na die skool bring nie, maar eers as hulle reeds sewe of agt jaar oud is. Hierdie kinders moet dan by die voorberei= dende klas ingeskakel word en kan beswaarlik hul agterstand ver= haal. In die tweede plek word beplanning met die oog op *uitbrei= ding van onderwysgeriewe* gekortwiek indien nie vroegtydig kennis geneem word van die verwagte nuwe toelatingsyfer nie. Indien daar byvoorbeeld in 'n besondere jaar skielik 'n heelwat groter getal blinde kinders tot 'n skool vir blinde leerlinge toegelaat sou moes word, sou daar sonder vroegtydige kennisname beswaarlik in die begroting en die uitbreiding van onderwysgeriewe vir hulle onderwys voorsiening gemaak kon word. Teen die einde van die veertigerjare en in die begin van die vyftigerjare was daar by= voorbeeld in Engeland 'n skielike toename in die getal blinde kinders as gevolg van retrolentale fibroplasie, 'n toestand wat in verband gebring word met die toediening van oormatige suur= stofdruk aan vroeggebore babas (Great Britain, 1972, p. 3). 'n Skielike drastiese vermeerdering in die getalle van blinde kin= ders van voorskoolse ouderdom in die RSA in die nabye toekoms, moet egter in die lig van die ervaring tot dusver as onwaarskyn= lik beskou word. In die derde plek is daar die aangeleentheid

van *hulpverlening en voorligting aan ouers* van voorskoolse blinde kinders wat nie kan geskied indien daar nie van hierdie kinders kennis gedra word nie. Hierdie aspek wat verband hou met die vroegtydige opsporing van voorskoolse blinde kinders, sal in die hieropvolgende afdeling bespreek word.

### 5.2.1.3 Hulpverlening en voorligting aan ouers ten op= sigte van die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders

Alhoewel daar geen amptelike program van hulpverlening aan ouers van voorskoolse blinde kinders aangaande die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders bestaan nie, poog sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria om, waar moontlik, hulp aan ouers te verleen. Tydens die verkenningsbe= soeke aan hierdie skole het die noodsaaklikheid van voorligting aan ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders van voorskoolse ouderdom duidelik geblyk. Sommige jong blinde kinders word met 'n duidelike merkbare ontplooiingsagter= stand tot skole vir blindes toegelaat. In dié opsig is sommige blinde kinders wat toegelaat word, fisies onderontwikkeld en bang om te beweeg; ander het nog nie selfstandige toiletgebruike nie of kan nie eetgerei hanteer of self aantrek nie.

Op verskillende wyses word gepoog om met ouers van voorskoolse blinde kinders te skakel en aan hulle hulp te verleen. Ouers word genooi om saam met hul blinde kind die skool te besoek en tydens hierdie besoeke word hulle van advies bedien. Die hoof van die Skool vir Blindes te Worcester korrespondeer met sommige ouers van voorskoolse blinde kinders, stuur uitvoerige advies en inligting ten antwoord op spesifieke probleme wat ondervind word en stel ook literatuur ten aansien van die opvoeding en onderrig van jong blinde kinders tot hul beskikking. 'n Klein geroneografeerde

voorligtingstuk wat 'n hele aantal jare gelede deur personeel=lede van die Skool vir Blindes opgestel is, word op aanvraag na ouers gestuur. Ook het 'n brosjure oor die werksaamhede aan die Skool vir Blindes in druk verskyn en word as inligtingstuk aan ouers beskikbaar gestel (Suid-Afrika, 1970b, pp. 50-51).

Uit voorafgaande blyk dat voorligting aan ouers van voorskoolse blinde kinders hoofsaaklik op 'n onbeplande wyse geskied. Perso=neellede wat dié ouers met advies dien, doen dit as bykomstigheid by hul gewone daaglikse pligte en werksaamhede. As gevolg van die groot afstande wat baie ouerhuise van voorskoolse blinde kinders van skole vir gesigsgestremdes verwyderd is, is dit ook nie altyd moontlik om vas te stel of die probleme wat ouers on=dervind het, te bowe gekom is nie. Tydens verkenningsbesoeke aan albei skole is die hulpbehoewendheid van ouers van voorskool=se blinde kinders telkens deur personeel beklemtoon. Verskeie ouers het in die verlede tydens onderwyser-ouerkonferensies hul onkunde bekla en genoem dat hulle soveel meer vir hulle blinde kinders sou kon doen indien hulle 'n beter begrip gehad het van die opvoedingsnood van die blinde kind (kyk bylae A, v. 2.14).

Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suiwes-Afrika (1970b) het dan ook die hulpbehoewendheid van ouers van voorskoolse kinders beklemtoon. Onder andere is genoem dat die Prinshofskool met "'n opgeleide personeel en die uitgewerkte programleiding" in 'n be=sonder gunstige posisie is om die nodige hulp aan ouers te ver=leen. Voorts is ook gemeld dat die aanstelling van 'n besoekende onderwyser(es) aan die Skool vir Blindes, wie se taak dit sal wees om die ouerhuise van alle leerlinge te besoek, in die voor=uitsig gestel word. Dié Komitee het ook aanbeveel dat ouerkli=nieke by skole vir gesigsgestremdes gestig moet word waarheen ouers vir kort periodes met hul gesigsgestremde kinders kan gaan

om die nodige leiding te ontvang in verband met voorskoolse ver=sorging en opvoeding (pp. 51, 66-67).

## 5.2.2 DIE SITUASIE IN ENKELE OORSESE LANDE

### 5.2.2.1 Engeland

In Engeland word op verskillende wyses aan ouers van voorskoolse blinde kinders hulp verleen.

#### a. Besoeke aan ouerhuise

Die plaaslike owerhede ("local authorities") maak voorsiening vir huisbesoek deur gesondheidsbeamptes en maatskaplike werksters. Gesondheidsbeamptes is geregistreerde verpleegsters en voorsien 'n inligtingsdiens aan moeders oor die fisiese ontwikkeling van jong kinders. Die gesondheidsbeamptes is soms die eerste persone wat gesigsgestremde kinders identifiseer. Maatskaplike werksters se taak is om veral ten aansien van die sosiale vorming en emosio=nele ontplooiing van die kind voorligting te verskaf en daadwerk=like hulp te verleen.

Vir maatskaplike werksters wat as taak het om na die welsyn van blindes om te sien, bestaan daar twee vorme van opleiding. Eer=stens word 'n kursus van drie maande vir gekwalifiseerde maatskap=like werksters aangebied wat lei tot die verwerwing van 'n serti=fikaat in maatskaplike werk met spesialisering in hulp aan blinde persone (ook kinders). Hierdie maatskaplike werksters het na vol=tooiing van hul opleiding 'n beter begrip van die nood van die blinde kind, van die spesiale dienste wat tot die beskikking van ouers met blinde kinders gestel word en beskik oor die kennis van hoe metodes van maatskaplike werk aangepas kan word indien aan blinde persone hulp en advies verleen word. Tweedens is daar 'n eenjarige kursus vir ongekwalifiseerde personeel wat lei tot die verwerwing van 'n sertifikaat in maatskaplike werk spesifiek met

betrekking tot blinde persone. Hierdie opleiding is daarop gerig om blinde persone te help om hul gebrek te aanvaar en 'n self=standige bestaan te voer, hulle te onderrig in kommunikasiemetodes en hulle in te lig oor hulpmiddels vir blindes. Hierdie maatskap=like werksters het grotendeels te doen met volwasse blindes en met voorligting aan gesinslede van hierdie persone.

Met betrekking tot besoeke aan ouerhuise word soms ook van die dienste van onderwysers en ander personeel verbonde aan spesiale skole vir blindes gebruik gemaak. Die School for Visually Handi=capped Children te Bridgend in Glamorgan beskik oor 'n voltydse maatskaplike werkster wat sowel blinde kinders wat eerlang tot die skool toegelaat gaan word as dié wat reeds in die skool is, by haar voorligtingsprogram betrek. Verder het die Birmingham Royal Institute for the Blind sedert Januarie 1970 'n ervare onderwyseres van blinde kinders vir 'n eksperimentele tydperk van drie jaar be=skikbaar gestel om voorligting aan ouers van voorskoolse blinde kinders te behartig. Die hoofde en senior personeel van die Sunshine Home Nursery Schools doen ook huisbesoek. As 'n addisio=nele diens reik die Royal National Institute for the Blind 'n reeks publikasies uit met die doel om voorligting aan ouers van blinde kinders te verskaf (Great Britain, 1972, pp. 24-25).

b. Besoeke aan ouereenhede (ouerklinieke)

Die Royal National Institute for the Blind (RNIB) te London hou 'n ouereenheid in stand. Hier word moeders, en wanneer moontlik ook vaders, van blinde kinders vir vier tot ses dae saam met hul blinde kinders van twee- tot driejarige ouderdom, gehuisves. On=geveer 15 gesinne word per jaar toegelaat en ouers word in die geleentheid gestel om in 'n ontspanne atmosfeer voorligting ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders van die personeel te ontvang (RNIB, 1966, pp. 1-2).

## c. Bywoning van kleuterskole

Die ses Sunshine Home Nursery Schools van die Royal National Institute for the Blind is residensiële kleuterskole en in 1971 was daar 90 kinders in hierdie skole met 'n ouderdomsverspreiding van 3 tot 9 jaar. Die hooftaak van hierdie skole is die evalue=ring van die kleuters met die oog op toelating tot 'n spesiale skool vir blindes en die versorging en onderrig van blinde kin=ders wat nog nie vir toelating tot 'n primêre skool vir blindes gereed is nie. Noue skakeling word deur die Sunshine Homes met die kind se ouers gehou by wyse van besoeke deur die ouers aan die skool, besoeke deur die kind aan die ouerhuis gedurende na=weke en vakansies, asook deur middel van telefoonoproepe en briefwisseling. Sodoende word gepoog om die kind en die ouers se vertroue te wen. Die Sunshine Homes poog in besonder om die kind deur selfbelewing met die omringende werklikheid te laat kennis maak. So byvoorbeeld word troeteldiere aangehou wat deur die kinders self versorg word, terwyl die onderrig op mobiliteit, kommunikasie, selfstandigheidsontplooiing en sosialisering toe=gespits is (RNIB, 1969b, pp. 1-3).

Voorts maak die Katharine Elliot School te Shrewsbury voorsiening vir verskeie tipologieë gestremde kinders tussen die ouderdom van twee en elf jaar, waaronder ook gesigsgestremde kinders. Sommige gesigsgestremde kleuters besoek gewone kleuterskole wat vir dag=skoliere voorsiening maak.

## d. Ten besluite

Ten spyte van hierdie voorligtings-, versorgings- en onderrigdien=ste aan blinde kleuters in Engeland, was sommige ouers nogtans van mening dat daar nie genoeg in hierdie verband gedoen is nie. 'n ondersoek deur dr. J.N. Langdon gedurende 1966 tot 1968 in Enge=land, waarby ongeveer 10 persent van die totale aantal geregi=

streerde blinde kleuters betrek is, het getoon dat uit 'n totaal van 137 gevalle, die ouers van 73 (53,3%) van hierdie kinders gekla het oor die afwesigheid of ontoereikendheid van voorligting aan ouers tydens of direk na identifisering. Voorts het dit geblyk dat nadat skakeling met die welsynsdiens vir blindes wel plaasge= vind het, die ouers van slegs 18 (13,1%) van hierdie kinders steeds hul ontevredenheid met betrekking tot hulpverlening uitgespreek het (Great Britain, 1972, p. 26).

### 5.2.2.2 België en Nederland

Aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Meisjes te Brussel word skakeling met ouers van voorskoolse blin= de kinders deur 'n "sosiale assistente" bewerkstellig. Ouers van kandidate vir opname in dié skool bring hul blinde kinders vir 'n halfdag per week vir oriëntering met die oog op toelating na die "sosiale sentrum" wat aan bogenoemde skool verbonde is. Ouers mag die "sosiale sentrum" saam met hul kinders besoek, waartydens hulle dan ingelig word aangaande die wyse waarop hulle hul blinde kinders moet opvoed en onderrig.

Ook aan die Koninklijk Instituut Spermali voor Blinde en Slecht= ziende Meisjes en Jongens te Brugge is 'n "sosiale diens" verbon= de wat deur 'n maatskaplike werkster behartig word. Sy tree in verbinding met ouers van blinde kleuters en adviseer hulle veral met die oog op toelating tot 'n skool vir blindes.

Aan Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist in Nederland word skakeling met ouers van voorskoolse blinde kinders deur 'n maatskaplike werkster, 'n huisbesoeker en 'n psigoloog behartig (kyk bylae D en bylae C, v. 1.10).

### 5.2.2.3 Enkele ander lande

Volgens die Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsge= stremdes (1972) in Engeland is die voorligting en hulpverlening aan ouers van gesigsgestremdes in die meeste lande onbevredigend. Dié Komitee noem egter dat daar wel in Denemarke 'n program daar= gestel is wat vir die vroeë identifisering van gesigsgestremde kinders voorsiening maak. In dié land bestaan daar ook 'n voor= ligtingsdiens met onderwysers as voorligters wat ouerhuise en kleuterskole besoek. In sommige gebiede in die Verenigde State van Amerika bestaan daar 'n volskaalse diens aan ouers van voor= skoolse blinde kinders en hierdie diens sluit onder andere kur= susse in die opvoeding en onderrig van blinde kinders in, wat ouers moet deurloop. Sodanige kursusse vir ouers van blinde kinders word ook in Wes-Duitsland aangebied (p. 27).

## 5.3 DIE TOELATING VAN KINDERS TOT SKOLE VIR BLINDES

### 5.3.1 VISUELE VERMOË AS KRITERIUM VIR TOELATING

### 5.3.1.1 Die situasie aan skole vir blindes in die RSA

#### a. Die huidige kriterium

Die eertydse kriterium vir toelating tot skole vir blinde leer= linge wat in 1945 deur die Interdepartementele Komitee vir Afwy= kende Kinders (die sogenaamde De Vos-Malan Komitee) aanbeveel is, is in 1971 vervang deur 'n kriterium wat deur die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blin= des in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970) aanbeveel is. Die ge= wysigde kriterium vir toelating soos deur die Minister van Nasio= nale Opvoeding goedgekeur, lui soos volg:

"(1) *Die uitdrukking 'Blinde kinders' in Bylae I van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), soos ge= wysig, beteken kinders wat -*

*òf (i) nie lig kan waarneem nie, dit wil sê nie lig van donker kan onderskei nie; of wat geen voorwerpe kan onderskei of herken nie, maar tog ligpersepsie het;*

*òf (ii) voorwerpe alleen as skadubeelde of buitelyne òf in beweging òf stilstaande kan waarneem;*

*òf (iii) tot op 'n afstand van een meter vanaf die oog vingers kan tel, of wat volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van 1/60 het;*

*òf (iv) tot op 'n afstand van drie meter vingers kan tel, òf volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van 2/60 tot 3/60 het;*

*òf (v) 'n gesigskerpte van 4/60 tot 6/60* volgens die Snellentoets het (snellen: 6 meters). Laasgenoemde toets moet aangevul en gekoördineer word met 'n nabygesigtoets (Verkleinde Snellentoets en Vocational Near Vision Test: 38 cm). In die geval*

---

*Ter verduideliking van die Snellentoets die volgende: Die gesigskerpte van 'n persoon word deur 'n breukverhouding aangedui, byvoorbeeld $x/y$, waar $x$ die toetsafstand in meter verteenwoordig en $y$ die sogenaamde Snellenlettergrootte (wat in werklikheid die afstand in meter is waarop 'n gegewe letter 'n sekere grootte invalshoek by die oog maak). 'n Letter wat op 6 meter (dit wil sê die normale toetsafstand) die normale invalshoek het, word as 'n No. 6-letter beskryf. 'n Letter wat groter is, moet verder geneem word om die normale invalshoek te maak. 'n Letter wat tienmaal groter as die No. 6-letter is, sal op 'n afstand van 60 meter (by benadering) die normale invalshoek by die oog maak en word dus as 'n No. 60-letter beskryf.

Die grootste letter op 'n standaard toetskaart is die No. 60-letter. Indien 'n persoon selfs so 'n groot letter nie op 'n afstand van *6 meter* kan lees nie, word die toetsafstand na sê 4 meter verminder en die gesigskerpte van die persoon is dan 4/60. Hoe groter $y$ en hoe kleiner $x$ is, hoe swakker is die gesigsvermoë van die persoon.

In populêre taal kan dieselfde saak soos volg gestel word: Indien

*van kinders met 'n gesigskerpte van ongeveer 6/60 Snellen (bevestig deur 'n nabygesigtoets) moet daar anomalieë van die oë teenwoordig wees, asook tekens van progressiewe toestande waarvan die prognose so= danig is dat die gesigskerpte uiteindelik, maar nie veel later as die ouderdom van 18 jaar nie, aan= merklik sal afneem.*

(2) *Die kinders moet opvoedbaar wees.*

(3) *Die kinders se hoofprobleem is blindheid en nie een van die ander gestremdhede wat in Bylae I van die Wet genoem word nie"* (Suid-Afrika, 1972a, p. 26).

Die problematiek van die evaluering van gesigsgestremdheid is ty= dens die konferensie van die International Council of Educators of Blind Youth (ICEBY), gehou gedurende Julie 1972, sterk onder die aandag gebring toe daarop gewys is dat daar in daardie stadium meer as 60 definisies vir blindheid bestaan het (Peach, 1972, p. 3). Hierdie feit beklemtoon die beperkinge van 'n numerieke kriterium en die probleme wat ondervind word om kinders op grond van hul ge= sigsvermoë, uitgedruk in 'n syfer, as braillekandidate te kwalifi= seer.

Wat betref die numeriese kriterium word dus wel deeglik besef dat,

---

'n persoon oor 'n gesigskerpte van 6/60 volgens die Snellentoets beskik, impliseer dit dat hy op 'n afstand van 6 meter 'n letter kan sien wat 'n "normaalsiende" persoons reeds op 60 meter kan sien. Of anders gestel: Vir 'n persoon met 'n gesigskerpte van 6/12 om 'n spesifieke lettertipe op 'n afstand van 6 meter net so goed te sien as 'n persoon met 'n gesigskerpte van 6/6 (dit wil sê die normaalsiende persoon), moet dié letter tweemaal so groot wees as die letter waarna die normaalsiende persoon kyk. 'n Ge= sigskerpte van byvoorbeeld 6/4 impliseer dat dié persoon beter as normale visie het. Gesigskerpte word soms ook in 'n persentasie uitgedruk. 'n Gesigskerpte van 6/60 Snellen is dan ekwivalent aan 10% van die normale, en 4/60 aan 6,7% van normale gesigskerpte.

veral met betrekking tot *grensgevalle*, die syfer slegs 'n voor=lopige aanduiding is van waar 'n leerling geplaas moet word. Die meeste probleme ontstaan dan ook ten aansien van gevalle soos in paragraaf (v) omskryf, aangesien hierdie paragraaf op die grens=geval betrekking het.

Daar is veral drie faktore wat die onsekerheid oor die toepasbaar=heid van 'n numerieke kriterium ten grondslag lê. Ter toeligting die volgende:

1. In die eerste plek bestaan daar die moontlikheid van 'n *foutiewe evaluering* deur die oftalmoloog.

2. Tweedens *gebruik gesigsgestremde kinders* hul gesigsreste soms heel verskillend. Persoonskwaliteite sal bepaal in watter mate 'n kind sy gesigsreste in die leer- en le=wensituasie sal gebruik. Die werklik intensioneelgerig=te kind, die kind wat sy uiterste doen om die opgaaf wat aan hom gestel is, te bemeester en hom met volhardende ywer aan sy werk wy, sal sy gesigsreste doeltreffender gebruik. Hy sal in der waarheid "meer sien" as die kind wat nie sodanig gerig is nie. Ook die intelligente ge=sigsgestremde kind kan deur insigtelike interpretasie van wat hy sien, meer bereik as dié kind wat nie tot sodanige intellektuele aktiwiteit in staat is nie. Hierdie persoonskwaliteite kan die oogarts nie alleen evalueer en daaroor uitsluitsel gee nie. Op die Tweede Konferensie van Onderwysers in Skole vir Blindes en Swaksiendes in Suid-Afrika wys Vaughan (1966) daarop dat dit gebeur dat aan kinders 'n numerieke gesigskerpte toegeken word wat glad nie ooreenstem met die gebruik van gesig in die leersituasie nie. In kommentaar hierop het J. Pauw hom soos volg uitgelaat: *"'n Mens sal jou soms verbaas vir die gesigskerpte wat vir 'n kind aange=*

*gee word terwyl hy feitlik niks kan sien nie, en in ander gevalle waar hy nog baie kan sien, word vir hom 'n gesigskerpte van 1/60 of 2/60 aangegee"* (Vaughan, 1966, pp. 111-121).

3. In die derde plek word die evaluering van visuele ver= moë bemoeilik deur *die onsekerheid ten aansien van die bepaling van die progressiwiteit van die oogkondisie.* Oftalmoloë is selde gewillig om hieroor 'n definitiewe uitspraak te gee en die mate van progressiwiteit is uit die aard van die saak 'n uiters belangrike faktor by 'n beslissing of 'n kind braille moet leer.

'n Belangrike aspek ten aansien van die aanvaarde kriterium is die beklemtoning van die gebruik van 'n *nabygesigtoets* by die evaluering van die visuele vermoë van kinders wat as grensgevalle beskou kan word (gesigskerpte van 4/60 tot 6/60 volgens die Snellentoets). Deur die inskakeling van 'n nabygesigtoets word gepoog om die optimale gebruik van sy gesigsreste deur die kind in die leersituasie in aanmerking te neem. Die inskakeling van 'n nabygesigtoets kan dus beskou word as 'n verantwoordbare prak= tyk wat geken word aan 'n klemverskuiwing van die fisiologiese na die pedagogiese; van die oogkondisie na die gesigsgestremde kind, en van die gestremdheid as sodanig na die verwerking van die ge= stremdheid deur die kind.

Uit hierdie bespreking blyk verskeie probleme wat met die daar= stelling en inskakeling van 'n numerieke kriterium ondervind word. Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onder= wysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970b) het hom dan ook soos volg uitgelaat: *"Ons moet dus aanvaar dat geen kriterium so waterdig kan wees dat dit in alle gevalle uitsluitsel kan gee nie. Die numerieke kriterium op sigself is hoegenaamd nie voldoende nie. Dis duidelik dat die*

*grensgeval die grootste probleme oplewer. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op die opvoeder om te besluit of 'n leerling 'n swartdrukleser moet bly of 'n brailleleser moet word. Die opvoedkundige en sielkundige implikasies is soms geweldig. Die onderwyser kan nie alleen die besluit neem nie. 'n Span deskun= diges uit die betrokke dissiplines moet hierin meewerk"* (p. 98).

## b. Die evaluering van visuele vermoë en die oor= plasing van leerlinge

Waar die visuele vermoë van die kind as kriterium vir toelating nou gestel is, is dit nodig om 'n uiteensetting te gee van hoe daar in die praktyk te werk gegaan word om vas te stel of 'n leerling 'n braillekandidaat is, en om te wys op sekere aspekte wat by die oorplasing van leerlinge in ag geneem word.

### 1. Gesigsgestremde kleuters

Ouers met gesigsgestremde kinders gaan in die reël reeds voor= dat hul kinders skooltoelatingsouderdom bereik na 'n oftalmo= loog om hul kinders se oë te laat ondersoek. Indien dit sou blyk dat 'n betrokke kind 'n kandidaat vir 'n skool vir blin= des is of mag wees, besoek die ouers 'n skool vir blindes waar die oftalmoloog (verbonde aan die skool) gesigskerpte en ge= sigsuitvalle vasstel. Daar word in die besonder getrag om nie slegs die numerieke kriterium as bepalende faktor in ag te neem nie. So word dit byvoorbeeld as van besondere belang geag om te bepaal hoe die kind die *mate van gesig* wat hy het, *gebruik* en word daar gepoog om vas te stel op watter afstand die kind die beste kan sien. Afgesien van die Snellenkaart word ook van Dierekaarte en E-kaarte gebruik gemaak om die kind se visuele vermoë te evalueer.

Voorts word ook soveel relevante gegewens as moontlik met be= trekking tot sy huislike agtergrond en familiegeskiedenis

bekom. Hierdie informasie is van groot waarde vir die oftalmoloog in sy poging om 'n prognose te maak. In sommige gevalle sal die prognose bepaal of 'n gesigsgestremde kind in die afdeling vir blinde of swaksiende leerlinge geplaas moet word.

## 2. Die grensgeval

Wat betref die grensgeval, dit wil sê leerlinge oor wie daar onsekerheid bestaan of hulle as swaksiende of blind geklas=sifiseer moet word, word met groot omsigtigheid te werk ge=gaan. Aan die Prinshofskool in besonder word deskundiges vanuit drie terrein betrek, naamlik die oftalmoloog, optome=tris en klasonderwyser. Die mening word gehuldig dat die oftalmoloog alleen nie die gesigsvermoë van die grensgeval werklik finaal kan evalueer nie.

Die oftalmoloog bepaal gesigskerpte (monokulêr en binokulêr), die uitval van gesigsveld en patologiese toestande, onder andere die progressiwiteit van die oogkondisie. Waar die oftalmoloog egter meer patologies ingestel is, kan die op=tometris die gesigskerpte meer akkuraat met behulp van ver=skillende tegnologiese hulpmiddele bepaal, veral omdat hulle daarop ingestel is om refraksieprobleme reg te stel. Die onderwyser word in die laaste instansie betrek waar daar aan die hand van die praktiese onderwyssituasie uitsluitsel ver=kry moet word oor die *gebruik van sy oë deur die leerling in die skoolsituasie.*

Aangesien gesigsgestremdes hul oë so verskillend gebruik, gebeur dit soms dat leerlinge met gesigskerpte so laag as 4/60 en 5/60 Snellen in die afdeling vir swaksiende leerlinge geplaas word, aangesien hulle wel nog by wyse van visuele metodes onderrig kan word. Indien daar twyfel bestaan oor

waar 'n betrokke kind geplaas moet word, of indien ouers daarop aandring dat hul kind in die afdeling vir swaksiende kinders geplaas moet word, word hy in laasgenoemde afdeling geplaas waar daar dan finaal beslis kan word of dit 'n korrek=te plasing is, al dan nie. Hierdie prosedure gee blyke van 'n verantwoordbare wyse van toelating. Die gesigsgestremde kind word nie bloot op grond van sy oogkondisie as sodanig nie, maar veral op grond van die mate waarin hy in die klaskamer=situasie tereg kan kom na die afdeling vir blinde leerlinge oorgeplaas. Dit impliseer 'n *gerigtheid op die leerling en sy moontlikhede* en nie slegs op sy oogkondisie nie.

'n Faktor wat soms bydra tot die oorplasing van 'n leerling uit die afdeling vir swaksiendes na die afdeling vir blindes, is sy skolastiese vordering. So byvoorbeeld gebeur dit dat alhoewel sy gesig nie noodwendig verswak nie, die *hoeveelheid werk meer word en die standaard van werk verhoog* namate die kind deur die skool vorder, met die gevolg dat hy weens sy gebrekkige gesigsvermoë nie teen die vereiste tempo kan vor=der nie. Indien dit as wenslik beskou word, word sodanige leerlinge na die afdeling vir blindes oorgeplaas, aangesien hulle deur medium van braille vinniger kan vorder (kyk bylae A, v. 2.2, 2.4 en 2.13).

## 3. Leerlinge met progressiewe oogkondisies

Die vernaamste probleme wat ten aansien van progressiewe oog=kondisies ondervind word, is dié van *prognose* en die bepa=ling van die stadium waarin die leerling van die afdeling vir swaksiende leerlinge na die afdeling vir blinde leerlinge oorgeplaas moet word.

Alhoewel die oftalmoloog aan die skool verbonde gereeld die oë toets van veral dié swaksiende leerlinge wat besondere

probleme met hul oë ondervind, is dit gewoonlik die klasonder= wyser wat verswakking van die gesig waarneem en die moontlik= heid van oorskakeling na braille as medium opper. Die onder= wyser vind byvoorbeeld dat die kind sy oë op skrefies trek, die boek baie na aan sy oë hou wanneer hy lees, stamelend en on= bevredigend lees en agter raak in sy werk. Die leerling word dan na die oogkliniek verwys. Indien gevind word dat die kind se oë aanmerklik verswak het gedurende die afgelope jaar of twee en *'n progressiewe toestand sodoende bevestig word,* word aanbeveel dat hy na braille as medium oorskakel.

Dit is in die reël 'n besonder problematiese aangeleentheid om te probeer bepaal wanneer 'n progressiewe oogkondisie sta= biel of stagnant sal raak. Oftalmoloë is dus baie versigtig met uitsprake wat betref die prognose van 'n oogkondisie. Dit is moeilik om met 'n groot mate van sekerheid te sê hoe vinnig die oë verswak en *oor watter periode* die oë so sal verswak dat oorskakeling na braille noodsaaklik word. Soos daarop gewys, word huislike agtergrond en familiegeskiedenis wel deeglik by prognose van die oogkondisie in ag geneem.

Die standpunt wat aan die Skool vir Blindes te Worcester gehul= dig word, is dat daar werklik grondige redes moet wees voordat 'n kind na braille as medium oorskakel. Indien 'n leerling as 'n grensgeval beskou word, maar die prognose is goed, is die neiging om hom steeds by wyse van visuele metodes te onderrig. Indien daar twyfel bestaan oor die prognose en die stadium waarin 'n leerling nie meer by wyse van visuele metodes onder= rig kan word nie, bly hy in die afdeling vir swaksiende leer= linge. Andersyds word ook daarteen gewaak om nie onnodig lank met oorplasing se sloer nie. In gevalle waar leerlinge eers gedurende hul senior sekondêre skoolloopbaan na braille as medium oorgeskakel het, is gevind dat afgesien van die grotere

skolastiese ontwrigting wat dit meebring, leerlinge probleme ondervind het om dié taktuele medium aan te leer. Dit word onder andere toegeskryf aan die sensitiwiteit van die vinger=toppe wat verminder.

Leerlinge met progressiewe oogkondisies word dus in die ge=leentheid gestel om, so lank as wat dit skolasties tot hul voordeel strek, deur medium van hul gesig onderrig te ont=vang (kyk bylae A, v. 2.5).

## 4. Die inskakeling van die ouers en die benade=ring met betrekking tot die kind by oorplasing

Indien besluit word dat 'n sekere kind na braille as medium moet oorskakel, word die ouers in die saak geken, soos blyk uit die feit dat waar dit enigsins moontlik is, die ouers in=geroep en die saak met hulle bespreek word. Die kind se be=sondere situasie word geskets en die voor- en nadele van oorplasing en van nie-oorplasing word aan die ouers voorge=hou. In die laaste instansie moet oorplasing met hulle goed=keuring geskied.

Wat betref die benadering met betrekking tot die swaksiende kind word getrag om die psigiese skok te temper deur veral aan hom te stel dat hy sy oë steeds sal gebruik en dat brail=le 'n bykomstige medium is wat sy skoolwerk sal vergemaklik en hom vinniger sal laat vorder. Sodoende word sorg gedra dat die kind nie skielik en brutaal met sy moontlike blind=heid en 'n wêreld van duisternis gekonfronteer word nie en word die kind gehelp tot 'n geleidelike verwerking en aan=vaarding van sy situasie.

Indien die ouers en/of die kind nie tot oorplasing instem nie en daarop aandring dat hy in die afdeling vir swaksiendes moet

voortgaan, sal aan hul versoek voldoen word totdat hulle eventueel wel, onder leiding van die hoof en personeel, tot die besef van die noodsaaklikheid van oorplasing kom (kyk bylae A, v. 6.2 en 6.11).

## 5. Die terugplasing van braillekandidate

Die twee oftalmoloë wat onderskeidelik aan die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool verbonde is, het besondere kennis van die didaktiese implikasies van oogpro= bleme van kinders. Hulle is daarom in die besonder daarop ingestel om te bepaal hoe 'n gesigsgestremde kind in die leersituasie tereg sal kom, voordat aanbeveel word dat die kind na die afdeling vir blindes oorgeplaas moet word. Die feit dat dit byna nooit gebeur dat braillekandidate weer na 'n onderrigsituasie oorgeplaas word waar onderrig deur medium van die visuele geskied nie, is in 'n mate 'n onderskrywing van die bekwaamheid van genoemde oftalmoloë en van die doel= treffendheid van die prosedure wat by toelating gevolg word. Daar moet egter op gewys word dat getuienis daarop dui dat die *gesigsreste* van kinders wat met braille begin, *agteruit= gaan* indien nie pertinent gepoog word om die gesigsreste te oefen en te gebruik nie. Aangesien leerlinge ná oorplasing spesifiek van die taktuele as medium gebruik maak, kan die verminderde gerigtheid op die visuele in die didaktiese situasie dus tot die verswakking van die oorblywende gesig lei en dan kan die verkeerde indruk geskep word dat die be= sluit om die kind na die afdeling vir blindes oor te plaas, die korrekte was (kyk bylae A, V. 2.7).

## 5.3.1.2 Die benadering van enkele oorsese instansies tot die evaluering van visuele vermoë

a. Engeland

1. In 'n publikasie (1968) van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) word dit gestel dat leerlinge wat as blind beskou word, nie noodwendig stokblind is nie. Ter same=vatting word dit met betrekking tot die onderwys gestel dat die term "blindheid" impliseer dat 'n leerling se gesig te swak is om hom in staat te stel om deur middel van visuele metodes, selfs met behulp van hulpmiddels, onderrig te ont=vang. Daar word op gewys dat die *gebruik van sy gesig deur die kind* die deurslaggewende faktor is en nie noodwendig die kwaliteit van sy gesigsvermoë volgens die een of ander nume=rieke kriterium nie.* 'n Kind met besondere swak oë, maar wat besonder intelligent is en hom met volhardende ywer tot sy skoolwerk rig, mag deur beter gebruikmaking van sy beperk=te gesig meer "sien" as 'n ander leerling met beter gesigs=vermoë maar swakker intellektuele moontlikhede of begeerte om sy gesigsreste te gebruik (pp. 1-3).

---

*Bader (1974) stel die verskil tussen die gebruik van sy gesig deur die kind en die kwaliteit van sy gesigsvermoë soos volg: *"We must recognize the significant difference between the terms 'sight' and 'vision'. Sight is the mere ability to see, and the eye's responses to light shining into it. Vision is the result of the child's ability to interpret and understand the informa=tion that comes to him through his eyes. Many children can demonstrate 20/20 sight, and still have a critical and interfe=ring vision problem, or a vision perception problem* (p. 3).

Die RNIB maak verder 'n *onderskeid tussen blindheid by kin= en by volwassenes*. In die geval van kinders word hulle as blind beskou indien hul gesigsvermoë so swak is dat " ... *they require education by methods not involving the use of sight*." In die geval van volwassenes word diegene as blind beskou wie se beperkte gesigsvermoë dit onmoontlik maak. " ... *to perform any work for which eyesight is essential*" (RNIB, 1971e, pp. 1-2). Die verskil wat gemaak word in die beskrywing van blindheid by kinders en by volwassenes is insiggewend. Dit impliseer dat leerlinge wat byvoorbeeld in die leersituasie as "blind" beskou word, nie noodwendig al= tyd wat betref beroepsbeoefening as "blind" beskou sal word nie. Van hierdie onderskeiding sal beslis in die onderwys, en in besonder wat betref die onderrig van grensgevalle, ken= nis geneem moet word.

2. Die Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsge= stremdes in Engeland (1972) het onder andere aandag gegee aan die moontlikheid dat die *onbuigsame skeiding* tussen braille= kandidate en swaksiendes, in besonder wat betref die grensge= valle, uitgeskakel kan word deur leerlinge wat as grensgevalle beskou kan word, by wyse van sowel taktuele as visuele metodes te onderrig. Getuienis in hierdie verband is deur die St. Vincent's School for Blind and Partially Sighted te Liverpool voor dié Komitee gelewer. Daar is aangetoon dat die St. Vincent's School vir twintig jaar tot 1968 'n beleid van al= gehele segregasie van blinde en swaksiende leerlinge gevolg het. Sedertdien word blinde en swaksiende leerlinge onder agtjarige en van veertienjarige ouderdom af gesamentlik in dieselfde klaskamers onderrig. Die vernaamste oorweginge ten gunste van sodanige integrasie lui soos volg:

*"(i) It is difficult to assess the educational efficacy of of children's vision when they are young, except in an edu= cational environment. In consequence, many children are wrongly placed: of a group of 13 children under the age of 8 admitted between 1966 and 1969, in at least 6 cases the initial recommendation for education as partially sighted or as educationally blind proved incorrect. Chil= dren wrongly placed in a school catering for the partially sighted or blind only, may be left to struggle with an inappropriate medium beyond the stage of readiness to read; or they may be faced with the emotional upheaval of a change of school.*

*(ii) The line of demarcation between the educationally blind and the partially sighted is becoming blurred, espe= cially in the middle ranges of vision, i.e. 3/60 - 6/60. With the increasing efficiency of visual aids and lighting, and with the general improvement of print and lay-out in school books, it is possible for a child with low visual acuity to use sighted methods in one situasion, e.g. mathe= matics, while making better progress with tactile methods in another, e.g. continuous reading. This situation is easier to cope with in a school where both methods are available.*

*(iii) Some pupils with low vision manage quite well to pur= sue their studies by visual methods at close range but, when required later to work at arm's length, need to rely on tactile methods. This can be prepared for in a school where both teachers and equipment are readily available for the supplementary training"* (Great Britain, 1972, p. 46).

In die lig van die onsekerheid wat betref die onderskeiding tussen grensgevalle wat ook aan skole vir blindes in die RSA ondervind

word, is bogestelde oorweginge beslis sinvol (kyk 5.3.1.1 a en b). 'n Praktyk waarin gesigsgestremde kinders (grensgevalle) by wyse van sowel die taktuele as visuele as medium onderrig sou word, impliseer dat ernstig swaksiende leerlinge in 'n vroeëre stadium met die gebruikmaking van braille sal begin, terwyl braillekandidate met 'n sekere mate van gesig, steeds hul gesig in die leersituasie sal gebruik.

### b. Schule Borgweg (Duitsland)

Aan die Schule Borgweg, Blinden- und Sehbehindertenschule te Hamburg word 'n kind as blind beskou indien hy heeltemal of oor=wegend moet staatmaak op sy tassintuig of ander nie-visuele sin=tuie om hom ruimtelik te oriënteer, vir die beoefening van handwerk, om voorstellinge van voorwerpe te vorm en vir die opbou van sy ruimtelike wêreldbeeld. Alhoewel die kind dus sekere ge=sigsreste mag behou het, kan die gesig slegs 'n beperkte hulp=funksie verrig en is 'n wesenlike verdere ontplooiing van die kind deur middel van konvensionele metodes nie meer moontlik nie (Wegbrod, 1971, p. 1).

### c. Denemarke

In 'n departementele verslag deur die senior inspekteur vir spe=siale onderwys in Denemarke word die volgende klassifikasie van gesigsgestremde leerlinge gemaak:

*"Blind pupils will be understood to mean those that are either totally blind, or whose eyesight is so impaired that they are taught primarily through braille.*

*Partially sighted children will be understood to mean pupils, who see well enough to read ordinary print, but are so weak=sighted that auxiliary arrangements are necessary to obtain satisfactory results of the education given"* (Peach, 1972, p. 11).

In hierdie departementele verslag word met "blinde leerlinge" bedoel stokblinde kinders en ook kinders van wie die gesig so swak is dat hulle *hoofsaaklik* deur medium van braille onderrig word. Laasgenoemde groep "blinde leerlinge" word dus ook deur middel van visuele metodes onderrig. Daarenteen is "swaksiende leerlinge" kinders wat nog *gewone druk* kan lees met die nodige optiese hulp=middels. Leerlinge wat dus slegs met vergrote druk tereg kan kom, sal beswaarlik as "swaksiende" geklassifiseer word. Hierdie klas=sifikasie dui op 'n verband met die praktyk aan die St. Vincent's School in Engeland (kyk 5.3.1.2.a.2).

d. American Foundation for the Blind (VSA)

In 'n pamflet uitgegee deur die American Foundation for the Blind (AFB) word gewys op die feit dat in die VSA van verskillende kri=teria gebruik gemaak word wanneer bepaal word -

1. of 'n kind deur medium van braille onderrig moet word;
2. of 'n gesigsgestremde volwassene finansiële hulp moet ont=vang, en
3. of 'n gesigsgestremde persoon 'n sekere beroep sal kan be=oefen (AFB, 1970a, p. 2).

Die onderskeid wat tussen 1 en 3 gemaak word, impliseer dat die eise wat in 'n sekere beroepsituasie aan die visuele vermoë van die beroepsbeoefenaar gestel word in so 'n mate kan verskil van die eise wat in die leersituasie aan die visuele vermoë van die leerling gestel word dat verskillende maatstawwe ten aansien van die kwalifisering van "blindheid" neergelê moes word. Hierdie onderskeiding wat gemaak word, is in ooreenstemming met die on=derskeiding tussen die beskrywing van blindheid by kinders en dié ten aansien van volwassenes wat deur die Royal National Institute for the Blind gemaak word (kyk 5.3.1.2.a.1) en belig die gevaar

daarvan om kinders (as eventuele beroepsbeoefenaars) met die oog op onderrig as "blind" te kwalifiseer, sonder om die uiteenlopende vereistes van verskillende beroepe met betrekking tot die visuele vermoë van die beroepsbeoefenaar in ag te neem.

e. Verslag van Europese konferensie

Peach (1972) verwys na 'n verslag van die European Conference on Educational Research for the Visually Handicapped waarin soos volg na gesigsgestremde leerlinge verwys word:

*"Visually handicapped children would be regarded as:*

*1. Totally blind children as well as those who preserve light=perception using the tactile-hearing means of perception of educational material.*

*2. Partially sighted children with the residual vision up to 6/60 Snellen on the best eye with correction by means of glas=ses using the tactile-hearing and visual means of perception of educational material.*

*3. 'Low-vision' children with visual acuity within the limits of 6/18 to 6/60 Snellen with the best correction by means of glasses on the best eye using the visual and hearing means of perception of educational material"* (p. 9).

Volgens hierdie kriterium word *"swaksiende"* kinders beskryf as kin=ders met 'n oorblywende gesigsvermoë van tot 6/60 Snellen en wat vir onderwysdoeleindes van *beide* die *taktuele* en die *visuele* wyse van waarneming gebruik maak. Hier word dus verwys na swaksiende kinders wat onder andere ook van *braille* gebruik maak.

## 5.3.2 DIE BENADERING TOT DIE TOELATING VAN MEERVOUDIGGE= STREMDE BLINDE KINDERS

### 5.3.2.1 Die situasie in die RSA

#### a. Die praktyk aan die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria

In Artikel 9 van die Wet op Onderwysdienste (Wet No. 41 van 1967) word onder andere genoem dat blinde kinders tot 'n skool vir blindes toegelaat moet word indien hulle " ... *nogtans opvoedbaar is en voldoende baat sal vind by onderwys bedoel in paragraaf (b)*" (kyk 4.2.1). Verder word gestel dat die kinders se "hoof= probleem" blindheid en nie een van die ander gestremdhede wat in die Wet genoem word, moet wees nie (Suid-Afrika, 1967a, p. 33).

In die lig van hierdie bepaling is dit dan ook die beleid van so= wel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool om voorsiening te maak vir meervoudiggestremde blinde kinders wat baat by die on= derwys- en opvoedingsprogram sal vind. Dit gebeur dus dat afge= sien van kinders wat tot die afdeling vir doofblinde kinders toe= gelaat word, ook verstandelik vertraagde blinde kinders, sere= braalverlamde blinde kinders, blinde kinders wat aan epilepsie ly, liggaamlik gestremde blinde kinders en hardhorende blinde kinders tot die Skool vir Blindes te Worcester of die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool toegelaat word. Die voorwaar= de word egter gestel dat blindheid hul primêre gestremdheid moet wees; met ander woorde, indien 'n blinde kind in so 'n mate ook op 'n ander wyse gestremd is dat hy nie sonder spesiale hulp tus= sen die ander blinde kinde kinders tereg kan kom nie, sal hy nie onvoorwaardelik tot 'n skool vir blinde leerlinge toegelaat word nie. Dit gebeur dus wel dat van hierdie leerlinge weggewys moet word en gevolglik bestaan die moontlikheid dat hulle ook nie in 'n ander skool vir buitengewone onderwys tereg kan kom nie.

Ten aansien van die *toelating van verstandelik vertraagde blinde leerlinge* vir wie daar wel in Hulpklasse en die Vakafdeling aan die Skool vir Blindes te Worcester voorsiening gemaak word (kyk 4.4.1.3), moet op die volgende probleme gewys word:

1. Eerstens is dit in besonder ten aansien van blinde kinders *problematies om by eerste toelating te probeer vasstel of hulle "voldoende baat by die onderwys sal vind."* Nie alleen is sowel die beskikbaarheid as die toepassing van gestandaardiseerde evalueringsmedia 'n probleem nie, maar is dit vanweë die feit dat blinde kleuters in verskillende stadia van ontplooiing aanmeld, besonder moeilik om hul intellektuele moontlikhede te probeer evalueer. Die ontplooiingsniveau wat 'n blinde kind by toelating verwerf het, hang saam met die hulp en leiding wat hy reeds ten aansien van aspekte soos mobiliteit tafelmaniere, korrekte spraak en gebruikmaking van sy sintuie ontvang het.

2. Tweedens is dit 'n probleem om 'n verstandelik vertraagde blinde kind weg te wys, aangesien daar dikwels vir hom *geen ander heenkome* is nie. Soms is die huislike milieu van hierdie kinders swak en alhoewel 'n kind moontlik nie by die onderwysprogram baat vind nie, is hy tog op skool in 'n gesonde opvoedingsmilieu wat tot sy voordeel strek en word hy ook goed versorg. Daarom is daar van hierdie blinde kinders aan skole vir blindes verbonde.

Tans is die prosedure om, indien daar enige twyfel bestaan oor die mate van verstandelike vertraging, die kind vir 'n *evalueringsperiode* van een tot ongeveer drie jaar in die skool op te neem. Hiërdie kinders word saam met ander blinde kleuters wat vir die eerste keer toegelaat word, in die *voorbereidende klas* geplaas. Kinders wat dan nie die nodige vordering toon nie, word vir die daaropvolgende jaar in die voorbereidende klas gehou en word nie

na substanderd A of graad 1 oorgeplaas nie. Gedurende hierdie tydperk kan die onderwyser in samewerking met die onderwyser=sielkundige met redelike sekerheid vasstel of die kind sal "baat by die onderwys van 'n gespesialiseerde aard", met ander woorde daar sal vasgestel kan word in watter mate 'n kind ŏf verstande=lik vertraagd is, ŏf weens pedagogiese verwaarlosing 'n agter=stand het (kyk bylaag A, v. 2.2).

Hierdie is 'n verantwoorde praktyk aangesien die kind in die ge=leentheid gestel word om sy potensiaal te toon. Blinde kinders wat moontlik as gevolg van pedagogiese verwaarlosing (wat onder andere verwerping, oorbeskerming en ander ongunstige bemoeienis deur volwassenes insluit) hulle intellektuele moontlikhede nie toereikend verwerklik het nie, word dan uitgewys. Hier kom die *voorkoming van pedagogiese verwaarlosing ter sprake.* Indien so=danige voorkoming bewerkstellig kan word, sal die evaluering van die intellektuele moontlikhede van die jong blinde kind aansienlik vergemaklik word.

### b. Pogings om spesiale voorsiening vir verstande=lik vertraagde blinde kinders te maak

Reeds in 1963 het die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester in beginsel besluit om 'n afsonderlike inrigting vir bogenoemde kinders te stig. Die voorgestelde diens is egter nie deur die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap goedgekeur nie. Die Staat het daarna aandag gegee aan hierdie aangeleentheid deur die aanwysing van 'n Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone wat in 1967 hul verslag uitgebring het. In die verslag van hiërdie Komitee word genoem dat die daarstelling van die no=dige dienste en fasiliteite vir hierdie persone nie van staatsweë verwag moet word nie, maar dat die Staat sodanige dienste en

fasiliteite sal subsidieer. In die lig van die bevindinge van bogenoemde Komitee het die Komitee van Ondersoek na die Uitbrei=ding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970b) aanbeveel dat die Bestuur van die Skool vir Blindes te Worcester versoek word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die stigting en instandhouding van 'n afsonderlike inrigting vir "erg geestesvertraagde blinde kinders". Dié Komi=tee onderskei tussen enersyds die groep kinders wat in spesiale klasse tereg kom as kinders met IK tussen 50 en 80, en andersyds kinders wat nie baat by die onderwys vind nie en hoofsaaklik op versorging aangewys is, as kinders met "IK rondom 50 en laer" (pp. 39 en 105).

### 5.3.2.2 Die toelatingspraktyk in enkele oorsese lande

a. In *Engeland* word in 'n afsonderlike primêre, asook 'n sekon=dêre skool vir meervoudiggestremde blinde kinders voorsiening ge=maak. Verder bestaan daar nog twee inrigtings vir blinde kinders wat sodanig verstandelik vertraagd is dat hulle selfs nie by die opvoedings- en onderwysprogram aan eersgenoemde skole baat kan vind nie. Afgesien van bogenoemde wyses van spesiale voorsiening vir meervoudiggestremde blinde kinders, is daar in die meeste ge=wone skole vir blinde leerlinge wel ook leerlinge wat *in 'n mate* meervoudiggestremd is, maar wat nogtans aan hierdie gewone skole vir blindes tereg kom. Wat betref blinde kinders van voorskoolse ouderdom, is daar 6 kleuterskole wat in besonder ook vir meervou=diggestremde blinde kleuters voorsiening maak. Die taak van hier=die kleuterskole is onder andere die evaluering, versorging en on=derrig van blinde kinders wat nie gereed is vir opname in skole vir blindes nie en moontlik nooit in sodanige skole opgeneem sal kan word nie. Na gelang die moontlikhede en beperkthede van hier=die kinders kenbaar word, word ouers geadviseer oor die toekomsti=ge plasingsmoontlikhede wat vir hulle bestaan (Great Britain, 1972, 158

pp. 28 en 53; RNIB, 1971b, p. 12).

b. Tot die Koninklijk Instituut Spermali voor Blinde en Slechtziende Meisjes en Jongens te Brugge in *België* word wel verstandelik vertraagde blinde leerlinge toegelaat, maar hulle word reeds in die primêre skool in 'n afsonderlike praktiesgerigte kursus geplaas. Aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel word slegs leerlinge met 'n IK van 70 en hoër aanvaar. Verstandelik vertraagde blinde kinders word egter nie tot die Koninklijk Instituut voor Dove en Blindes Meisjes te Brussel toegelaat nie.

c. In *Nederland* bestaan daar 'n afsonderlike "Instituut" vir meervoudiggestremde blinde kinders en gewone skole vir blindes maak in die reël nie vir hierdie kategorie blinde kinders voorsiening nie (kyk bylae B, v. 1.12).

d. Ten slotte word verwys na 'n verklaring wat reeds in 1951 op 'n konferensie in die *Verenigde State van Amerika* aangaande die opname van verstandelik vertraagde blinde kinders in gewone skole vir blindes gemaak is: *" ... (they) not only absorb undue energy from caretakers and teachers but also exert a deteriorating influence on the rest: hence they should not be received into a school for the blind"* (Peach, 1966, p. 71).

## 5.3.3 OUDERDOM WAAROP BLINDE LEERLINGE TOEGELAAT WORD

### 5.3.3.1 Die situasie in die RSA

Blinde kinders word van *vyfjarige ouderdom* tot die Skool vir Blindes en die Prinshofskool toegelaat. Dit word as onontbeerlik beskou dat 'n blinde kind minstens 'n jaar voordat met meer formele graad 1- of substanderd A-werk begin word, tot 'n skool

toegelaat moet word. Ouers is dikwels onkundig aangaande die op=voedingsnood van hul blinde kind en dan is dit die taak van die skool om *die kind vir opname in 'n meer formele klassituasie voor te berei* (kyk 2.2.3.3 en 2.3.5). Dit gebeur byvoorbeeld dat blinde kinders van vyf- of sesjarige ouderdom se tafelmaniere on=afgerond is, se spraak besonder gebrekkig is, nog nie vaste toiletgebruike het nie, nie kan speel nie, bang is om te beweeg, fisies nie goed ontwikkel is nie, en sodanig in hulself gekeer is dat hulle beswaarlik tot kommunikasie in staat is. Die feit dat daar wel blinde kinders op vyf- en sesjarige ouderdom tot skole toegelaat word terwyl hulle sodanig pedagogies verwaarloos is dat hulle vir meer as 'n jaar in die voorbereidende klas moet bly en 'n agterstand het wat hulle beswaarlik sal verhaal, beklemtoon die noodsaaklikheid van hulpverlening aan ouers insake die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders.

Voorts is warme ouerliefde, liefdevolle versorging en 'n belewing van veiligheid en geborgenheid vir die jong kind van primêre be=lang. Daar die opname van blinde kinders in die meeste gevalle impliseer dat die kinders ver van hul ouers verwyder en in kos=huise gehuisves moet word, word dit nie as wenslik beskou om blinde kinders op 'n vroeër leeftyd as vyf jaar tot 'n skool vir blindes toe te laat nie. Slegs by hoë uitsondering, byvoorbeeld as die huislike omstandighede besonder swak is en die opvoeding en onderrig van die blinde kind gevolglik skade ly, sal oorwe=ging geskenk word aan die toelating van 'n blinde kind wat jonger as vyf jaar is (kyk bylae A, v. 2.3 en 2.4).

### 5.3.3.2 Die situasie aan skole vir blindes in enkele oorsese lande

Van vier skole vir blinde leerlinge in *België en Nederland* wat residensiële en dagskoliere toelaat (kyk tabel 10.2), maak twee

voorsiening vir blinde kleuters vanaf driejarige ouderdom en twee vir kinders vanaf sesjarige ouderdom. Aan drie van hierdie skole is daar 'n georganiseerde diens verbonde waardeur met ouers van blinde kinders van voorskoolse ouderdom geskakel word en aan wie hulp ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul kinders verleen word (kyk bylae B, v. 1.10 en 1.11).

In *Engeland en Wallis* word blinde kinders oor die algemeen nie onder vyfjarige ouderdom toegelaat nie. In Januarie 1971 was daar slegs 5 blinde kinders onder vyfjarige ouderdom in spesiale skole vir gesigsgestremdes. Daar bestaan egter wel 6 kleuterskole wat vir die versorging, onderrig en die evaluering van die skoolge=reedheid en intellektuele moontlikhede van voorskoolse blinde kinders voorsiening maak. Hierdie kleuterskole is in hul hulp=verleningsprogram besonder gerig op die nood van die meervoudig=gestremde blinde kind en in 1971 was daar aan hierdie skole 90 blinde kinders met ouderdomme wat gewissel het tussen 3 en 9 jaar (Great Britain, 1972, p. 28).

## 5.4 SAMEVATTING

a. Uit die bespreking van die situasie van die jong blinde kind - as blind in 'n wêreld van siendes - het sy besondere agterstand teenoor die siende kind wat betref affektiewe en kognitiewe ont=plooiing, geblyk. Daar is aangetoon dat ouers van voorskoolse blinde kinders *behoefte het aan deskundige hulpverlening* ten aan=sien van die opvoeding en onderrig van hul kinders.

In die RSA bestaan egter *geen amptelike program van hulpverlening* aan ouers ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul voor=skoolse blinde kinders nie, en dit gebeur wel dat blinde kinders met 'n besondere ontplooiingsagterstand tot skole toegelaat moet word. Hulpverlening wat wel bestaan, geskied hoofsaaklik op 'n ongeorganiseerde wyse en word deur personeellede as bykomstigheid

by hul daaglikse pligte en werksaamhede behartig.

Die opsporing van blinde kinders blyk tans nie meer 'n besondere probleem in die RSA te wees nie. *Vroegtydige opsporing* en kennis=name van blinde kinders van voorskoolse ouderdom sal egter van hulp wees in pogings om te verseker dat blinde kinders wel op vyf=jarige ouderdom tot 'n skool toegelaat sal word; in die beplan=ning van die uitbreiding van onderwysgeriewe, en in die hulpverle=ning aan ouers van hierdie kinders.

In *Engeland, België, Nederland, Denemarke en die Verenigde State van Amerika* word deur middel van die werksaamhede van skole en ander instansies skakeling met ouers van voorskoolse blinde kin=ders bewerkstellig. Hierdie skakeling is veral gerig op die iden=tifisering van gesigsgestremde kinders, die oriëntering van blinde kinders met die oog op toelating tot 'n skool, voorligting aan ouers by wyse van huisbesoeke en besoeke deur ouers aan ouerklinie=ke, en die opname van jong blinde kinders in kleuterskole.

b. Wat betref *die visuele vermoë van kinders as kriterium vir toelating tot skole vir blinde leerlinge in die RSA*, is die be=palende faktor of die kind in staat is om deur middel van sy ge=sigsreste die skoolwerk te bemeester, en of sy gesig sodanig ver=swak is dat van die taktuele in plaas van die visuele as medium van onderrig gebruik gemaak moet word. Dit is in hierdie opsig die grensgevalle wat die meeste probleme ten aansien van toela=ting oplewer. Die numerieke gesigswaarde wat aan 'n kind toege=ken word, word slegs as 'n voorlopige aanduiding van die visuele vermoë van die kind beskou, aangesien faktore soos die moontlik=heid van 'n foutiewe evaluering, die verskillende wyses waarop ver=skillende kinders hul gesigsregte gebruik en die onsekerheid ten aansien van progressiwiteit van 'n oogkondisie, 'n summiere deter=minering (veral in die geval van grensgevalle) onmoontlik maak.

'n Belangrike aspek van die numerieke kriterium wat tans in die RSA van toepassing is, is die beklemtoning van die gebruikmaking van 'n nabygesigtoets by die evaluering van die visuele vermoë van kinders. Hierdie prosedure kan gesien word as 'n poging om die optimale gebruikmaking van sy gesigsreste deur die kind in die leersituasie in ag te neem en is 'n klemverskuiwing vanaf die oog= kondisie as sodanig na die gesigsgestremde kind in sy probleemsi= tuasie.

Wat betref die benadering ten aansien van die evaluering van visuele vermoë deur instansies in *enkele oorsese lande*, is veral twee aspekte van besondere belang. In die eerste plek maak beide die Royal National Institute for the Blind in Engeland en die American Foundation for the Blind onderskeid tussen verskillende "grade van blindheid". So is daar byvoorbeeld 'n verskil in die maatstawwe met betrekking tot blindheid wanneer bepaal moet word of 'n kind deur medium van braille onderrig moet word, en of 'n persoon 'n sekere beroep sal kan beoefen. In die tweede plek dui getuienis daarop dat wat betref grensgevalle, in 'n al groter ma= te gewaak word teen 'n onbuigsame skeiding van braillekandidate en swaksiendes wat deur medium van die visuele onderrig ontvang.

c. Dit is die beleid van sowel die Skool vir Blindes te Worces= ter as die Prinshofskool om slegs blinde kinders toe te laat wat sal baat by die onderwys- en opvoedingsprogram aan hierdie skole. Aangesien daar egter vir ernstig *verstandelik vertraagde blinde kinders* dikwels geen ander heenkome is nie, word hulle wel in hierdie skole opgeneem. In verskeie oorsese lande is dit die neiging om in afsonderlike skole of inrigtings voorsiening te maak vir meervoudiggestremde (insluitende verstandelik vertraag= de) blinde kinders wat nie by die onderwysprogram van gewone skole vir blindes sal baat nie. Sodoende word die doeltreffendheid

van die opvoedings- en onderwysprogram nie deur hierdie kinders belemmer nie en kan die hulpverleningsprogram aan genoemde af=sonderlike skole of inrigtings spesifiek op hul besondere nood toegespits word.

d. Blinde kinders word van *vyfjarige* ouderdom tot skole vir blindes in die RSA toegelaat. Die feit dat daar wel pedagogies verwaarloosde blinde kinders op vyf- en sesjarige ouderdom tot skole vir blindes in die RSA toegelaat word, beklemtoon die noodsaaklikheid van die opname van hierdie kinders in 'n voorbe=reidende klas, asook van hulpverlening aan ouers insake die op=voeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders. Die toelatingsouderdom aan skole vir blindes in Belgie, Nederland, Engeland en Wallis wissel van driejaar tot sesjaar. In al hier=die lande word egter voorsiening gemaak vir skakeling met en hulp=verlening aan ouers van voorskoolse blinde kinders.